waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL JAARGANG 7, NO 6 JUNIE 2001

REDAKSIONEEL

# BEVRYDING? JA. REVOLUSIE? NEE

In die kerklike pers kom slawe en vroue dikwels in een asem voor. Hierdie kombinasie teken 'n ellendige verhouding. Daar is mans wat hulle vroue as voetveeg behandel. Hy beveel; sy moet maar net sy opdrag uitvoer. Hy slaan; sy moet dit gedwee ondergaan.

Ons hoor gereeld die oproep: Na die bevryding van die slawe moet die bevryding van vroue volg. Ons stem heelhartig saam. Diskriminasie teen die vrou mag in die lig van Gods Woord nie bestaan nie. Inteendeel, die Here leer ons om die vrou hoog te ag. Eer jou vader en *jou moeder*. Die vyfde gebod is 'n baie belangrike gebod. Die Here verbind selfs 'n belofte daaraan (Efesiërs 6:2). Elke man moet onthou: Hy is ontvang en gedra in die moederskoot. Die man kom deur die vrou in die wêreld (1 Korintiërs 11:12). Die Here beveel aan die mans: Julle moet verstandig met julle eggenote saamlewe 'en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die lewe is - sodat julle gebede nie verhinder mag word nie (1 Petrus 3:7).

Bevryding van die vrou? Ja. Die Here wil dit.

Nou redeneer sommige teoloë as volg verder: Die slaaf wat bevry is, kan heer word. Die onderdrukte word gelyk aan sy vroeëre eienaar. Op dieselfde wyse moet die vrou bevry word. Van slavin van die man word sy verhef tot die gelyke van die man. Dit beteken: sy het die reg op dieselfde posisies as wat hy beklee. Solank as wat sy nie in 'n kerklike amp kan dien nie, is sy nie werklik bevry nie.

Hierdie redenering en ywer - tot in drukgroepe - is nie skriftuurlik nie. Hierdie teoloë verloor 'n belangrike verskil tussen slawerny en die posisie van die vrou uit die oog. Slawerny kan slegs in 'n sondige wêreld voorkom. Koop en verkoop van mense ontstaan na die sondeval.

Die posisie van die vrou bestaan reeds in die paradys. Die Here beklemtoon dit nog in die Nuwe Testament. Adam is eerste gemaak, daarna Eva (1 Timoteus 2:13). Die man is die hoof van die vrou (1 Korintiërs 11:3). Die Here herstel na die sondeval nie die *toestand* van die paradys nie. Hy herstel wel die oorpronklike *posisies* van man en vrou. Die man bly die hoof van die vrou. In 'n godvrugtige samelewing tree die man nie as tiran op nie, maar as hoof: hoof van die bevryde vrou, 'n hoof wat liefhet en wat in die vrees van die Here leiding gee.

Wie die vrou gelyk maak aan die man (soos die slaaf aan sy vroeëre eienaar), tas die herstelde paradysposisies sowel van die vrou as van die man aan. Dit is die omwenteling van God se instelling. Dit is revolusie.

Bevryding van die vrou? Ja. Haar gelyk maak aan die man? Revolusionêr paradys-posisies verander? Nee.

*1 Joh 4:6*
"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD


1 **Redaksioneel**
*Bevryding? Ja. Revolusie? Nee*
**Gebed van Calvyn**
2 **Skrifoordenking**
*Babilon 1, oorwin*
Ds DJ Malan
4 **Fokus**
*Benoem of beroep?*
Ds ALA Buys
5 **Op die kerkerf**
*Mededelings van die teologiese skool en PU vir CHO*
Prof A le R du Plooy
6 *Die ware kerk weer Skrifkritiek af*
Dr JG Meijer
9 **Aktueel**
*Wondergenesings met fokus op die profeet Joshua*
Ds DJ de Kock
11 **Mediese etiek**
*Omkering van die orde: 'n wet teen God se wet*
Dr JM Boon


## GEBED VAN CALVYN[1]

'n Gebed na aanleiding van 'n Skrifstudie oor *Jeremia 14:1-9* en dan veral *vers 7*:

*'Hoewel ons ongeregtighede teen ons getuig, o HERE, doen dit om u Naam ontwil; want ons afkerighede is baie, ons het teen U gesondig.'*

Almagtige God, U het ons deur ons Here Jesus Christus geleer om U aan te roep vir ons daaglikse brood. Maar wanneer U ons soms met hongersnood besoek, laat ons dan insien dat ons hierdie besoeking verdien het. En wanneer U ons nog swaarder sou straf, leer ons dan, desondanks, om U onophoudelik om barmhartigheid aan te roep. Gee ons die vaste oortuiging dat U ons genadig sou wil verhoor, as ons in die weg wat U ons aangewys het, bly wandel, die weg van versoening deur u Seun en van die genoegdoening deur sy bloed. Laat ons ook dan, wanneer dit om ons ware heil gaan, daarna strewe dat u Naam steeds meer en meer verheerlik word, deur Jesus Christus, ons Here.

Amen.

[1] Vertaal in Afrikaans deur mev. R Botha vanuit die Nederlandse teks van die hand ds AG Barkey Wolf, uitgegee in 1940 deur DA Daamen, Den Haag.

**Ds DJ Malan,**
emeritus-predikant
van Lindley

SKRIFOORDENKING

# BABEL 1, OORWIN

*Genesis 11:4-7*

**En hulle sê: Kom, laat ons vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie. Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie. Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.**

Ons lees van drie 'Babels' in die Woord van God. Die eerste tref ons in Genesis 11 aan, die tweede is die hoofstad van die Babiloniese ryk. Dit word onder andere vir ons beskryf deur die profeet Daniël. Die derde is die hoofsetel van die antichris en daarvan lees ons in Openbaring.

Daar is 'n noue samehang tussen hierdie drie 'Babels', en ons tref ook duidelike ooreenstemmende kenmerke by elkeen aan:

By al drie is Satan self die outeur van die plan.
By al drie laat God Satan toe om binne perke sy plan tot uitvoer te bring.
By al drie word die hele menslike geslag (al die volke) saamgesnoer tot een magsblok.
By al drie rig Satan en sy kinders, op meesterlike wyse, 'n aanval teen God en sy kinders.
By al drie triomfeer God deur Satan te ontmasker, en sy plan te laat misluk.
By al drie staan Christus as oorwinnende koning in die sentrum.

## Die sondvloed het die mensdom groot laat skrik

Die skrikwekkende almag van God het in die hele menslike geslag se gedagtes vasgesteek. Hulle het oor die sondvloed bly praat. Hulle het glad nie gemaklik gevoel nie. God was vir hulle soos 'n groot vuurspuwende berg wat enige tyd weer kan uitbars en alles wat voorkom, kan vernietig.

Net maar die handjievol gelowiges was nie bevrees nie. Hulle het immers aan die belofte van God, dat Hy die aarde nie weer deur water sou verwoes nie, vasgehou en die reënboog het hulle hieraan bly herinner.

Van geslag tot geslag is die sondvloed-gebeure oorvertel. Die kinders van die ongelowiges het mooi geluister, telkens as hulle ouers hulle vertel het van die chaos wat geheers het toe dit so onophoudelik gereën het. Hulle het hoendervleis gekry van vrees elke keer as hulle gehoor het hoe onkant hulle voorgeslagte betrap is en dat hulle geen uitweg om na te vlug gehad het nie. Hulle het gesidder as hulle nagedink het hoe die koue kloue van die malende waters 'n ieder en 'n elk van hulle voorgeslagte ingesuig en laat verdrink het. Dit is daarom heel verstaanbaar dat 'n gees van groot vreesagtigheid hulle beetgepak het.

## Die meesterplan

'n Plan sal gemaak moet word. Hulle is immers nou baie meer vaardig, het baie meer kennis, en is baie verder ontwikkel as hulle voorvaders. Hulle is moderne mense, wat vir hulleself kan dink, en hulle eie toekoms kan verseker. Hulle kan en moet nou iets doen sodat die angs die wyk kan neem. En so besluit hulle toe almal saam om 'n stokkie voor God te steek, as Hy dit weer sou waag om so 'n reënstorm te ontketen.

Hulle selfvertroue en magswellus stuit daarom vir niks. Selfs die hemel is nie meer vir hulle te hoog nie. Die leiers roep die argitekte en die ingeneurs nader. Hulle teken meesterplanne. Met steen en klei opmekaargestapel gaan hulle die hemelruim verken en beman. Hulle sal hulleself beveilig, hulleself verlos. Hulle sal gewoon saamstaan: saamdink, saamwerk, en saam-oorwin. Niks of niemand sal voor hulle standhou nie. Die keer gaan hulle vir God uitoorlê (vgl. ook vers 6).

## Georganiseerde revolusie teen God en sy kerk

Satan kry dit hier die eerste maal reg om in die wêreld se geskiedenis die hele mensheid te verlei om soos een man teen God op te ruk. In die taal van ons tyd noem ons dit 'georganiseerde revolusie'. Met hierdie tegniek vestig Satan die mensdom se oë op 'n droombeeld van self-handhawing, self-regering en self-verlossing. Deur 'n voortdurende opbou-proses klim die mens, vanuit hierdie lewensbestaan, teen 'n leer op tot in sy eie selfgeskepte utopiese hemeltoestand van selfvervolmaking.

Die strategie is vandag deur die Vrymesselary en die Illuminatie tot 'n fyn meesterplan van onderbewuste breinspoeling verfyn. En hierdie draakgedrog word so goed vermom dat honderde christelike kerke oor die wêreld heen, maar veral ook vandag in Suid-Afrika, soos 'n klomp onnosel skape ter slagting gelei word. Die ergste is dat hierdie kerke, met hulle 'kerkleiers', so blind geword het dat hulle self die leiding in hierdie

**VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Voorsitter:*
Dr AH van den Bout
Tel (012) 332-2988
E-pos: vdenbout@mweb.co.za

*Redaksie:*
Ds ALA Buys
A Juyn
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer
Ds SJMS Smit

*Eindredaksie:*
Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 329-1465
E-pos:
jgmeijer@cybertrade.co.za

*Medewerkers:*
Dr AH Bogaards
Dr JM Boon
Prof JC Coetzee
Prof GJC Jordaan
Dr AH van den Bout

*Administrasie-adres:*
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

*Bankrekeningnr:*
Spaarrekening 9054701904
ABSA
Pretoria Waverley Plaza

*Intekengeld:*
R 80 per jaar

*Taalkundige versorging:*
Mev Rita Botha

*Tegniese versorging:*
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@mweb.co.za

opbouwerk van die laaste 'Babel' van die antichris neem.

Kyk net hoe heerlik ruik hierdie sataniese plan vir die mense van Babel 1: Opgewonde selfverheerliking, nee... selfaanbidding vervul die lug as hulle besluit:

*Kom, laat ons* vir ons 'n stad bou en 'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik; en laat ons vir ons 'n naam maak.

Vir God, en vir sy kinders, ruik hierdie woorde egter na die reuk van die dood wat tot die dood lei. Dit is woorde wat stink..., wat 'n gelowige laat walg. Dit is die dodelik giftige selfvertroue en selfverlossing van die mens. Hulle probeer om God by Babel totaal te verswyg en te verdwerg deur die sogenaamde 'grootheid en mag' van die mens.

Dit is vandag nog steeds dieselfde. Christus se heerlike oorwinning aan die kruis, en veral met sy opstanding, word opsygeskuif deur die mens se selfsugtige beheptheid met eie eer. Daarom hoor ons die refrein van: 'Kom laat ons self besluit... , self vir God uitnooi in ons lewe ..., self betaal met goeie werke en gehoorsaamheid..., self Gods Woord "interpreteer" vir die mense van 2001..., en selfs vir Godself aanpas by 2001'.

Ja, vandag bevind die christelike kerke hulle steeds kniediep in hierdie moeras vol dryfsand, deurdat nie net die gesag van die Woord van God bespot en verag word nie, maar dat God self in die spervuur kom. In die plek van die gesagvolle Woord van God kom nou die 'kom laat ons...' (met die kleinlettertjie 'ons') uitsprake. Met die klem op 'ons' spog talle christelike kerke en hulle teologiese skole oor die wêreld heen, met hulle nuwe moderne interpretasies uit die sogenaamde argief-oue Woord van God. As dit maar al was: Vandag dink min mense dit is snaaks, as gepreek word dat God self 'nuut afgestof moet word', sodat ons tot die ontdekking kan kom dat Hy die 'God van alle gelowe' is, wat net maar oor die eeue heen, deur middel van verskillende name, aan die mens bekend geword het. Hieruit volg logies dat die drie-eenheid van God in gedrang moet kom, want dit beperk die denke oor God slegs tot die christendom.

Ja, vir die moderne mens van vandag klink Babel 1 soos 'n kindersprokie. Hoeveel verder het die mens van vandag nie al gevorder met die opbou van Babel 3 nie.

## En tog ...

En tog is daar een saak wat kwel. Die afgelope 2000 jaar kon niemand dit regkry om alle volke te verlei om as een groot wêreldbevolking saam te staan nie. Hitler, en die groot Britse ryk het naby gekom, en tog heeltemal misluk.

Vir ons as gelowiges is dit geen verrassing nie. In Openbaring 20:2-3 word juis *dit* deur God voorspel, as Hy vir Satan, gedurende die grootste deel van die Nuwe Testamentiese tydvak (die duisend jaar lank) slegs ten opsigte van een saak 'vasbind en toesluit', naamlik ... sodat hy nie meer die nasies kan verlei nie.

'En hy het die draak gegryp - die ou slang wat die duiwel en die Satan is - en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.'

In alle opsigte gaan Satan soos 'n brullende leeu rond, en hy verslind net waar hy kom. Maar, totdat God hom teen die einde van die tyd sal ontbind om die ryk van die antichris tot aardse volmaaktheid te lei, sal hy gebind bly en dit nie weer regkry om soos in Genesis 11, by Babel 1, (en later by Babel 2, in Nebukadnesar se tyd), alle nasies onder een sambreel teen God en sy kerk saam te snoer nie.

## So stuit God vir Satan

Satan kan dus nie maar maak wat hy wil nie. God stuit hom met sy Woord: Die 'kom laat *ons*...'-oproep van die ongelowige wêreldmassa beantwoord God met:

'*Kom, laat Ons* neerdaal en hulle taal daar verwar, sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie'.

Wat 'n wonder en krag lê nie opgesluit in een enkele letter nie! God vervang bloot die 'o' van 'ons' met 'n hoofletter 'O'.

Maar in en deur hierdie hoofletter 'O' ontketen God 'n kragwerk wat die sondvloed na 'n paar druppels water laat lyk. Dit laat ontbrand God se toorn en oordele oor die ongelowige mensdom. Dit laat die klein lettertjie 'o' soos 'n atoombom ontplof in die gesigte van die trotse bouers van Babel!

Waarom? Omdat God deur Sy magtige grootletter 'Ons' - die Vader, die Seun en die Heilige Gees - Hom teenoor Satan stel. En dan tuimel die toring van Babel, met sy spits wat tot aan die hemel sou reik, soos 'n paar sandkorreltjies inmekaar! Dan gaan staan Christus reghoekig in die pad van Satan en sy volgelinge, en al hulle wonderlike planne. Dan verkrummel die eens magtige en statige naam en eer van die slim en moderne eensgesinde Babelbouers, in 'n oogwink tot 'n chaos van taalverwarde enkelinge.

God drie-enig slaan kragdadig hulle strewe om as een reënboognasie te regeer aan skerwe. En so kom Babel 1 tot sy einde, as God die mensdom forseer om as 'n verskeidenheid van volke, elk met sy eie taal en kultuur, oor die wêreld verspreid te gaan woon. Dit sou voortaan nie weer so maklik vir Satan wees om alle volke te kan verlei om in revolusie teen God saam te staan nie. By vyf latere geleenthede in die Ou Testamentiese tyd sou God egter weer vir Satan toelaat om dit reg te kry, totdat Christus gebore word. Dan word Satan uit die hemel gewerp en gebind om dit nie weer reg te kry totdat die regeertyd van die antichris sal aanbreek nie.

Net die woordjies 'laat Ons' was nodig om die ongelowiges se talle 'laat ons'-uitsprake in die bek te ruk. Tog is daar wel 'n kleinlettertjie 'ons' wat altyd op die lippe van die gelowiges was, en wat nie in teenstelling met God se grootletter 'Ons' gestaan het nie. In Christus het hierdie lettertjie 'ons' 'n werklikheid geword. Dit staan ook bekend as Immanuel. Dit beteken: 'God met *ons*!'. Wat 'n troos straal nie vir ons hieruit nie.

Dit verwys ook na water, maar nie na die sondvloed-water nie. Dit verwys na ons Bron van lewende water, Jesus Christus self. Kom ons spoor mekaar dan aan om te bly sê: 'Kom laat ons...'. Maar nie nou: 'Kom laat ons die toring van Babel bou, om nie weer te verdrink nie', maar: 'Kom laat ons saam die lewende water drink en lewe'.

En kom ons drink dan, sonder voorbehoud, van hierdie onfeilbare, betroubare en volmaakte Woord van God. Dit sal ons lewend hou selfs as Babel 3 'n werklikheid word.

# BENOEM of BEROEP?

**Ds ALA Buys**, Pietersburg-Noord

Die rektor van die Teologiese Skool (Potchefstroom), prof. A le Roux du Plooy, het onlangs 'n e-pos skrywe aan predikante en kerke gerig (sien berig in die rubriek 'Op die kerkerf') waarin gesê word dat *Waarheid en Dwaling* verkeerde inligting versprei oor die sogenaamde kapasiteitbou-poste wat by ons Teologiese Fakulteit (en Skool) ingestel is.

Laat ons die negende gebod ernstig opneem. Die kerk van die Here mag nie lieg nie, omdat Jesus Christus die waarheid is. As daar enige leuens is, moet dit aan die kaak gestel word en skuldbelydenis moet daaroor gedoen word. Dit is ons almal se plig teenoor die waarheid. Maar vae verwysing na 'verkeerde inligting' laat ook nie die debat vorder nie. Die leuens moet maar een vir een uitgewys word.

Ons moet mekaar in hierdie krisistyd meer as ooit in liefde vashou. Daar is begrip vir die uiters moeilike situasie waarin die Teologiese Skool hom tans bevind. Van regeringsweë is daar 'n doelbewuste poging om die ANC se program deur te voer in al die universiteite. Dit bring 'n totaal nuwe toestand na vore wat ons as kerke nog nie geken het nie.

Maar juis daarom moet ons by ons beginsels bly en die waarheid van harte liefhê. Die kerk van die Here moet waak dat die satan ons nie teen mekaar afspeel sodat ons kragte mekaar verteer nie. As ons nou klaar baklei het, is die staat se hand enigsins minder in ons kerksake, of is ons kragte maar net minder? Ons is nie mekaar se vyand nie.

Tog is daar die afgelope tyd geweldige groot agterdog en selfs verdagmakery in die kerkverband. Deursigtigheid, openlikheid en 'n eerbare omgaan met mekaar is hier van uiterste belang. Ja, selfs al verskil ons, behoort ons nie mekaar as probleem te sien nie. Ons vyand moet wees dit wat van buite die kerk, los van God se openbaring, op die kerk afgeforseer word. Daar lê die punt.

Ons probleem moet dus op twee punte gedefinieer word:

***Die staat (en per definisie die ANC) se magsvergryping in ons kerk.***

Dit is dalk nie vir almal so helder sigbaar nie, maar die grensoorskryding vanaf die staat na die kerk moet duidelik uitgewys en teengestaan word. Hierdie magsvergryping gaan oor meer as spesifieke persone en persoonlikhede in kerk en staat. Dit gaan oor die beginsel dat Jesus Christus die Hoof van die heelal is en as sodanig ook Hoof van die kerk. Daaraan moet getrou gebly word. Daaraan moet al ons optrede getoets word. Ons hoef nie die ANC se diepste wense uit te voer, nog voor hulle dit uitgespreek het nie.

***Tweedens moet die verdringing van die evangelie van Jesus Christus deur die menseregte-kultuur aangespreek en weerspreek word.***

Diegene wat die evangelie van Christus wil versoen met menseregte doen die kerk geen guns nie. Hulle is ook nie gehoorsaam aan Christus nie. Jy het nie die Heilige Skrif nodig om 'n goeie menseregte-aanhanger te wees nie. Daarom steek daar dodelike gif in die stemme wat in ons kerke opgaan om meer verdraagsaam te wees teenoor menseregte. Menseregte is 'n aparte godsdiens naas die christelike godsdiens. Om teologie, en dan gereformeerde teologie, te bedryf uit of selfs maar net met 'n gedienstigheid met menseregte, is om twee gelowe te vermeng. Toegepas op ons Teologiese Skool: menseregte - wat ongehinderd ingebring of geduld word - sal die gereformeerde teologie uiteindelik verstik.

In albei hierdie sake moet ons nugter na mekaar luister. Ja, daar is emosie en vuur en ywer betrokke. Maar laat die duiwel nie toegelaat word om ons daardeur uit mekaar te dryf nie. Almal wat Jesus Christus as die Hoof van die (gereformeerde) kerk bely, *hoort* bymekaar. God het ons saamgevoeg, en wat God so saamgevoeg het, durf geen mens skei nie. Die kerkverband rus ook op God se heilige wil. Dit is lewensbelangrik vir die kerke. Daarom moet hierdie gesprek voortgaan. Nie om te breek nie, maar om mekaar te behou.

Liefde vir die waarheid, liefde vir mekaar moet voorop staan.

Maar liefde is juis om ons regsooreenkomste ernstig op te neem. Liefde berus op reg. Nie op mense se reg nie, maar op God se reg. God se reg op sy kerk, en ons ge-reg-tigheid uit genade voor Hom.

Kom ons neem een regsooreenkoms wat ons as kerke met mekaar aangegaan het. Ons het ooreengekom om gesamentlik ons krag saam te snoer om 'n Teologiese Skool te hê. Van tyd tot tyd ontstaan daar 'n behoefte by die kerke om bedienaars van die Woord te beroep as teologiese professore, sodat ons kan toesien dat daar by ons bedienaars van die Woord is, wat die evangelie van Christus verkondig.

Nou het ons 'n situasie waar twee predikante weens regstellende aksie in die kerk benoem is. Dit bedreig die Dordtse kerkorde. Weereens dit gaan nie oor die twee manne in hulle persoon nie. Dit gaan daaroor dat hulle *benoem en nie beroep* is nie. Dit is die hele punt waarom alles draai.

* Daar word gesê dat hierdie stap nie regstellende aksie is wat van die staat vereis word nie. Maar sou hierdie poste deur die universiteit geskep gewees het as daar nie 'n kwota-wet was nie?
* Die universiteit is totaal afhanklik van die staat se subsidie; hoe kan dit toegelaat word dat die universiteit aanbied om poste te laat skep vir die kerk, terwyl daar geen sodanige behoefte by die kerke daartoe is nie?
* Sou Hammanskraal Teologiese Skool gesluit wees (iets wat direk aanleiding gee tot hierdie huidige stand van sake) as daar nie 'proaktief' gedink is dat die ANC dit gaan sien as teologiese apartheid nie?

Laat ons tog die waarheid met mekaar praat as ons mekaar waaragtig liefhet. Hoe verskil hierdie benoemings van teoloë van regstellende aksie op ander plekke in die samelewing? Hoekom is die ooreengekome kerklike weg van beroeping nie gevolg nie? Hoekom hou ons nie hierin by Dordt se kerkorde wat staatsinmenging afwys nie?

Watter pad moet ons volg?

Twee dinge moet dringend gebeur. Daar moet herstel van vertroue onder mekaar kom, en dit geskied deur 'n eerlike,

oop gesprek en deursigtig met die waarheid omgaan. Dit gebeur wanneer daar werklik gebly word by die ooreenkoms wat ons met mekaar gesluit het. Ons *moet* mekaar vind. God eis dit.

Tweedens moet die leiers in die kerkverband hulleself afvra of hulle werklik die kerke wyse raad gee. Om regstellende aksie in die kerke toe te pas (met die paai woorde 'dis darem net twee, en hulle kan eers later as volwaardige professore benoem word') is geen goeie leiding aan die kerke nie. Dis misleiding. *Dit* bring die kerkverband in 'n krisis en nie die een wat dit uitwys vir wat dit is nie. Wie is die skuldige? Die een wat die brand stig of die een wat skreeu dat daar 'n brand is?

Vir elke woord sal ons almal voor God se regterstoel verantwoording moet doen. Ook oor die woorde rondom hierdie regstellende kapasiteitbou-poste. Die kerke moet volledig die Teologiese Skool onderhou. Dit is die pad uit die greep van die staat se hande. Kapasiteitbou-poste is die klein jakkalsies wat gaan groot word en die wingerd van binne verniel. Moet ons nou eers wag tot dit gebeur, voordat ons gaan begin beweeg?

Daar is twee paaie, twee woorde, twee stelle raad. Kapasiteitbou-poste of dra die skool self. Mag die Here self aan sy kerke die wysheid gee om in die geloof op te tree. Laat ons terugkeer na ons ooreenkoms. Nie net met woorde nie, maar met die hart en met dade. Nie om mekaar te probeer uitvang op allerlei bysake nie, maar om mekaar in Christus weer te vind. Laat ons een wees omdat ons in Hom een is. Dit is gereformeerd. Dit is die taal van Dordt. Dit is liefdestaal. Dit is ook, na al die gepraat, die waarheid.

---

## OP DIE KERKERF

**Die redaksie het van 'n omsendskrywe van die rektor van die Teologiese Skool Potchefstroom kennis ontvang. Die rektor het sy skrywe wyd bekendgestel, maar nie aan die redaksie gestuur nie. Nietemin word die omsendskrywe hier gepubliseer. Die rede hiervoor? *Waarheid en dwaling* word in dié brief genoem. Ons voorligting oor 'n bepaalde saak word skerp afgewys. Daar is ook nog 'n ander kwessie in die brief wat aandag verdien. Vanweë die belangrikheid van die betrokke sake reageer ons in die rubriek 'Fokus' en hieronder. Die redaksie nooi die skrywer, rektor van die Teologiese Skool, om op ons reaksie te reageer.**

# MEDEDELINGS VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL EN PU VIR CHO

**Prof. A le R du Plooy**, Potchefstroom

* Ons is dankbaar om kortliks oor 'n paar positiewe aspekte te berig:

** Die Teologiese Skool en Fakulteit Teologie vervul steeds 'n prominente plek en funksie by die PU vir CHO: op navorsingsterrein het die personeel van ons fakulteit gedurende 2000 per capita gemiddeld die meeste publikasies van goeie wetenskaplike gehalte gepubliseer; ons Skool en Fakulteit het reeds een jaar voor die res van die universiteit ons nuwe programme begin implementeer, soos dit in die nuwe gefokusde en verkorte kursus van ses jaar (tov predikant studie) nuut beplan is; benewens die besondere diens en verbondenheid aan die GKSA strek die logistieke lyne van die Fakulteit Teologie al ruimer en verder. Heelwat studente vanuit ons geakkrediteerde teologiese inrigting in Brittanje (Greenwich School of Theology) het onlangs grade van die Puk ontvang; waaronder ook 'n eregraad aan prof. B. Evans, die hoof van die inrigting. Enkele ander inrigtings (New Zealand, VSA, Namibie) is met ons in gesprek oor een of ander vorm van ooreenkoms.

** Die PU vir CHO is tans in die proses om 'n nuwe rektor en visekanselier aan te wys aangesien die termyn van die huidige rektor, prof. CJ Reinecke aan die einde van 2001 verstryk. Ons kan met besondere waardering terug kyk op 'n uiters geslaagde en geseënde era waarin prof. Carools waardevolle diens gelewer het, ten opsigte van die PU vir CHO, en tov die Teologiese Skool. Ons hoop en vertrou dat die Here ons sal lei om 'n waardige opvolger vir hom te benoem.

* Daar is egter ook enkele sake wat ons graag onder u aandag wil bring wat 'n bron van bekommernis is, wat ons onrustig maak en waarvoor ons in besonder u voorbidding vra:

** Daar word verkeerde gegewens aan die lesers en ontvangers van die tydskrif *Waarheid en Dwaling* verskaf, ten opsigte van die hele proses rondom die benoeming van twee persone in die sg kapasiteitsbouposte in die fakulteit teologie. Ds. R. Letsosa en ds. Derek Mashau is resp. deur die fakulteit in die vakke Praktiese Teologie en Missiologie benoem, in wat bekend is as kapasiteitsbouposte. Dit is poste op inisiatief van die PU vir CHO wat na oorleg met en met goedkeuring van die kuratorium ingestel is om aan 'n bepaalde behoefte te voorsien.

** Die nasionale ministerie van onderwys het 'n National Plan for Higher Education aan tersiêre inrigtings voorgelê vir implementering. Baie gegewens en aanbevelings in die dokument is tot voordeel van die tersiêre onderwys, maar daar is ook 'n aantal aspekte wat 'n sterk politiese gerigtheid het en waarin die besondere aard en karakter van die PU vir CHO in gevaar gebring word.

** Die Soutpansberg Sinode wil graag met die Kuratorium in gesprek tree oor sake rondom die teologiese opleiding waaroor daar by hulle spanning en frustrasies bestaan.

** Daar was enkele navrae asook 'n paar positiewe en negatiewe menings teenoor ons en teenoor sommige van ons professore uitgespreek na aanleiding van die seminaar onder leiding van die fakulteit teologie oor die vrou in die kerk en samelewing.

My vriendelike versoek ten opsigte van veral die sake wat by ons of andere kommer wek, is dat ons steeds in liefde, billikheid, geregtigheid die sake sal hanteer en probeer oplos tot welsyn van ons kerke en ons universiteit.

Hartlike groete

Prof Dries du Plooy

# DIE WARE KERK WEER SKRIFKRITIEK AF

**Dr JG Meijer**, Pretoria

**Die rektor van ons Teologiese Skool deel mee: Daar is enkele sake wat 'n bron van bekommernis is. Dit maak onrustig. Die nood is so hoog, die ellende so diep dat hy die voorbidding van sy lesers vra. Die vraag is: Wat moet ons konkreet in ons gebede aan die Here voorlê? Die Heidelbergse Kategismus antwoord: Ons moet ons nood en ellende reg en grondig ken, sodat ons ons voor die majesteit van die Here kan verootmoedig. Lei professor Du Plooy se rondskrywe tot die regte en grondige kennis van ons nood en ellende en sodoende tot voorbidding en ander aksie wat die Here behaag?**

Die eerste kommerwekkende saak wat prof. Du Plooy vermeld, gaan oor 'n artikel in *Waarheid en dwaling*. Hy sê: Die blad verstrek 'verkeerde gegewens' oor die kapasiteitbou-poste in die Fakulteit Teologie. Kom ons praat duidelike taal. Verkeerde inligting is leuenagtige voorligting. Maak ons ons aan hierdie misdryf skuldig?

Die vraag watter 'verkeerde gegewens' ds Buys in die vorige maand se 'Fokus'-artikel vermeld het, kom in die rektorale brief glad nie ter sprake nie. Daar word wel ernstig beskuldig, maar die bewys ontbreek. Prof. Du Plooy lê ons nood en ellende nie bloot nie. Met messkerp aantygings sonder om die sonde konkreet aan te wys, word betrokkenes nie gedien en sekerlik nie die kerke nie. Verdagmaking bou nie op nie, maar breek verhoudings tussen broeders. Oor die 'verkeerde gegewens' word nie hier nie, maar in die rubriek 'Fokus' verder gehandel.

Die vaagheid in die rektor se beskuldiging kenmerk ook die voorlaaste paragraaf van sy brief. Hy vertel: Daar is positiewe en negatiewe menings na aanleiding van die werkwinkel in Potchefstroom oor die vrou in die kerk en samelewing uitgespreek. Hierdie een sinnetjie laat baie vrae ontstaan: Wie het wat gesê? Wat ag prof. Du Plooy positief en wat negatief? Waaronder hoort vorige maand se 'Redaksioneel' tuis? Onder positiewe of negatiewe menings? En veral: Is daar slegs menings te kenne gegee? Of bestaan daar in ons midde ernstige geskille? Geskille wat ook in die genoemde werkwinkel ter sprake gekom het?

Prof. Du Plooy se mededelings leer ons nie om die werklike nood en ellende binne die verband van die GKSA reg en grondig te ken en ons voor die majesteit van onse God te verootmoedig nie. Sy laaste mededeling wat net vrae oproep en waarin positief en negatief sonder nadere kwalifikasie teenoor mekaar gestel word, laat lesers argwaan kry. Dit wakker die onheilige vuur van verdagmaking aan. Dit dien nie die heil van die kerke nie. En dit is sekerlik nie tot eer van die Here nie.

Om ons fundamentele nood en ellende reg en grondig te leer ken, volg hier 'n kort oorsig van kommerwekkende gebeurtenisse in ons kerklike lewe sedert 1994. 'n Kort oorsig, veral van enkele sinodebesluite, van aktiwiteite van bekommerde gereformeerdes, van waarskuwings in ons blad en opposisie daarteen. Die werkwinkel in Potchefstroom is glad nie 'n donderslag uit 'n blou hemel nie. Dit dring die behandeling van ons geskille - wat al jare lank sloer - hopelik na 'n klimaks.

## Verskille of geskille?

Het gereformeerdes onderling verskille wat hulle moet verdra? Gaan dit oor debatte van teoloë binne die raamwerk van die Skrif en die belydenis? Hierdie vraag is in die appèl in ons Maart-nommer uitvoerig beantwoord. Dit gaan oor ons hoor van Gods Woord, ons luister na sy stem.

Hier word slegs een van die kwessies na vore gebring, die 'kontekstuele interpretasie' van die Skrif. Dit beteken: Vanuit die situasie waarin ons lewe, word insette by Bybel-interpretasie gelewer. Filosofieë, menseregte, die posisie van die vrou in die samelewing, ensomeer bepaal die lees van die Skrif. Die Woord word by ons 'tyd' aangepas. Voorstanders van 'kontekstuele interpretasie' prys die geïnspireerde Woord met die mond. In hulle 'interpretasie'- praktyk is egter nie die Bybel nie, maar die 'konteks' waarin ons lewe, hul hoogste norm.

Is dit 'n Bybel-beskouing wat gelowiges moet verdra? 'n Verskil? Nee, dit is 'n fundamentele geskil. Geen gelowige mag die Skrif by sy situasie aanpas nie. Die Here roep ons om presies die teenoorgestelde te doen. Sy Woord beoordeel ons situasie. Hy wil ons nie volg nie. Hy wil dat ons Hom volg. Sy woord gaan bo alles, is die hoogste norm van ons lewe. As ons vanuit die hedendaagse lewe die Skrif benader, maak ons die hedendaagse lewe normatief. Dan luister ons nie eerbiedig na die stem van die Here nie, maar dan span ons Hom (sy Woord) eiesinnig voor ons karretjie in. Wie vanuit ons situasie die Skrif benader, verdraai God se Woord sodanig dat dit in ons situasie inpas. Dit is Skrifkritiek. Die Skrifgesag word aangetas, die Skrifgeloof ondermyn.

Op die pad van teoloë wat 'kontekstuele Bybel-interpretasie' toepas, bestaan daar geen stilstand nie. Die eerste stap: Teoloë besin oor die posisie van die vrou. Hulle uitgangspunt is nie die Woord wat ons situasie beoordeel nie. Nee, hulle begin by ons situasie. Die samelewing stel vrou en man gelyk. Dan moet die Skrif dit ook doen. Die tekste wat ongelykheid verkondig, word as tydgebonde beskou en in die teendeel verander. So laat hulle die Woord voor die tydgees buig.

Eenmaal op die pad waarop ons 'tyd' bepalend geag word vir die verstaan van die Bybel, het hierdie teoloë geen prinsipiële verweer meer teen die volgende stappe nie. Stap twee: Bybelse geskiedenisse bevat nie feite nie, maar outydse mites (fabels) of oordrewe verhale. Die sprekende slang, die sondeval, die pratende donkie van Bileam, die vis wat Jona ingesluk het, word as blote versinsels beskou.

Stap drie: Alle gebooie van die Here word tot riglyne gedevalueer. Die kerk verwêreldlik onder hierdie tirannieke 'teologie'.

Stap vier: Homoseksualiteit word met 'n beroep op 'liefde wat God gee' as 'n wettige alternatief van die huwelik uitgeroep, ensovoorts.

Dit gaan voort van afwyking van die Woord tot afwysing van die Spreker: Loëning van die Seun van God, van sy opstanding uit die dood, van ons drie-enige Here.

'Kontekstuele' omgang met die Skrif lei tot die algemeen betwyfelde christelike geloof, tot kerklosheid en tot goddeloosheid, totale ontkerstening van die lewe. Ons sien al die stadiums van hierdie vreeslike proses onder meer in Wes-Europa na die laaste wêreldoorlog. Van Skrifkritiek tot goddeloosheid - ons neem dit ook in ons eie land waar. God stuur 'n krag van dwaling en gee mense oor aan die verderf wat hulle self gesoek het.

Waaroor gaan die stryd in ons midde? Oor 'kontekstuele interpretasie', oor die verheffing van die tydgees tot norm. As gereformeerde kerke dit aanvaar, dan verlaat hulle hul fondament, die heilsame Woord van God. Dit gaan in ons worsteling oor ons binding aan die Woord, die genademiddel waardeur die Heilige Gees die geloof in ons harte werk en versterk. Dit gaan oor ons verlossing, ons heiligmaking, die eer van God in ons lewe.

Christus bou sy kerk op die fondament van apostels en profete. Geen gelowige, geen kerk wat op die fondament bou, laat toe dat medelidmate op enige wyse aan die fondament torring nie.

## Die stryd oor die fondament ontbrand binne die GKSA (1994-1997)

Januarie 1994. Op die sinodetafel van die GKSA lê 'n beswaarskrif. Dit is afkomstig van Klassis Boland en word ondersteun deur die Suidelike Partikuliere Sinode. Die eerste deel van die beswaarskrif handel oor beswaardes se 'hermeneutiese uitgangspunte'. Daarin word 'kontekstuele interpretasie' van die Bybel voorgestaan. Daar ontstaan hieroor 'n diep-ernstige bespreking. Een afgevaardigde vat saam: 'n Adder aan ons boesem. Die sinode wys wel die beswaarskrif af, maar nie die 'kontekstuele interpretasie' nie.

Na hierdie Sinode kom *bekommerde gereformeerdes* van 1994 tot 1997 dan en wan byeen in samekomste wat vir elkeen toeganklik is. Hulle bespreek die 'verskille' oor die Skrif en kom tot die gevolgtrekking: Die 'hermeneutiese uitgangspunte' van Klassis Boland ondermyn Skrifgeloof en tas die Skrifgesag aan. Dis nie 'n verskil wat ons mag verdra nie. Nee, dit is 'n ernstige geskil oor die fondament van die kerk.

Bekommerde gereformeerdes kom ooreen: Laat ons begin met broederlike vermaning, ook in die pers om die kerkvolk betyds van die openlike geskil oor die fondament in te lig.

Onafhanklik van hierdie byeenkomste word die persvereniging *Veritas* in die lewe geroep. Die eerste nommer van hulle blad verskyn in Augustus 1994 onder die naam *Waarheid en dwaling.* In hierdie blad word die eerste toesprake wat in die byeenkomste van bekommerde gereformeerdes gelewer is, gepubliseer. Die stryd teen die getorring aan die fondament, wat tydens die Sinode ontbrand het, word daarna voortgesit.

Een van die bekommerde gereformeerdes skryf 'n ope brief *(U kneg hoor)* aan die kerke in die ressort van Klassis Boland. Die dwalings en effekte daarvan word aan die kerke meegedeel. Die betrokke kerke word ernstig opgeroep om van 'n heillose pad terug te keer en die gesag van die Woord ten volle te eerbiedig. Dit is die eerste, versigtige gang op die kerklike weg.

Die reaksie? Stilswye. Die kerklike pers swyg, met uitsondering van 'n kort aankondiging. Prof. GJC Jordaan skryf 'n resensie oor die ope brief aan Klassis Boland en publiseer dit in *Die Kerkblad.* Die kerke in Klassis Boland reageer nie. Swye kan beteken: Broeders en susters het nagedink, gevare gesien, en bou weer saam met die ander kerke op die fondament wat Godself gelê het.

Nee, hierdie swye was helaas 'n doodse stilswye. Dit blyk wanneer daar in 1997 opnuut 'n beswaarskrif uit dieselfde ressort op die sinodetafel geplaas word. In daardie beswaarskrif word weereens hermeneutiese beginsels geformuleer.

## Die stryd oor die fondament neem toe (1997-2001)

Die Nasionale Sinode van 1997 lewer net soos haar voorgangster in 1994 geen uitspraak oor die hermeneutiese beginsels wat Klassis Boland geformuleer het nie. Hierdie beginsels wat die eenheid van die Skrif misken, word uitvoerig in *Waarheid en dwaling* bespreek en prinsipieel afgewys. In dié artikel ontvang ook die 'kontekstuele interpretasie' van 1 Timoteus 2:8vv (oor die posisie van die vrou in die kerk) deur prof. JJJ (Fika) van Rensburg in die *Bybel in praktyk* die nodige aandag. As Paulus in ons tyd sou gelewe het, sou hy volgens prof. Van Rensburg anders oor die posisie van die vrou geskryf het.

Die jaar 1998. Die stilswye word na vier jare eindelik verbreek. Daar verskyn twee 'twee-strome'-artikels in *Die Kerkblad.* Die eerste artikel word geskryf deur prof. JM Vorster (April). Die tweede is van die hand van dr CJ Smit en word in Meimaand gepubliseer. Hulle skryf: Ons het in ons kerkverband onderlinge verskille. Die een dink konserwatief, die ander progressief. Ons interpreteer die Skrif ook verskillend. Ons het verskille, geen geskille nie. Word Skrifgeloof in ons midde ondermyn? Word Skrifgesag aangetas? Hierdie twee manne verklaar: Dit word wel beweer, maar nie bewys nie.

Wat van al die bewyse oor fundamentele afwyking wat vanaf 1994 in ons blad en in die ope brief aangevoer is? Wat van 'kontekstuele interpretasie'? Niks daarvan kom in hulle artikels ter sprake nie. Die twee broeders ontken dat daar enige bewys oor aantasting van Skrifgesag gelewer is.

Op hierdie blote ontkenning volg my reaksie in twee artikels wat sowel in *Die Kerkblad* as in *Waarheid en dwaling* gepubliseer word. In *Die Kerkblad* staan onder elkeen van die artikels 'n weerwoord van dr CJ Smit. Hy bly - sonder om enige van ons bewyse te vermeld, laat staan te toets - ontken dat Skrifgesag in ons midde aangetas word. Dit blyk ook dat hy die verskil tussen verklaring en interpretasie nie verstaan nie.

Dan volg daar 'n reeks van ses artikels in *Waarheid en dwaling* (Julie 1999 tot Januarie 2000). Dr Smit word versoek om te reageer. Hy doen dit in 'n briefie. Die lengte? Twee paragrawe (Maart 2000). Die ontkenning dat daar 'n fundamentele geskil in die GKSA bestaan, gaan in sy kort reaksie gepaard met 'n karikatuur: Professore aan ons Teologiese Skool word volgens hom verdag gemaak. Dr Smit vertel 'n fabel, 'n verdigsel. Op vrae wat die redaksie in Maart 2000 aan hom gestel het, antwoord hy tot dusver nie.

Hier volg nog 'n willekeurige voorbeeld van 'n ander karikatuur waarin die negende gebod nie ernstig geneem word nie. Prof. HF van Rooy skryf in 'n 'wetenskaplike' artikel die volgende: 'Die beswaar wat teen die stelling dat die interpretasie en verkondiging van die Bybel feilbaar is, ingebring sal word, is dat dit relativisties is, dat dit die gesag van die Skrif relativeer en aantas. Hierdie beskuldiging kom telkens voor in die blaaie *Die Kerkpad* en *Waarheid en dwaling*'. Hy verwys na artikels van ds BC Smit, ds ALA Buys en my (*In die Skriflig* 35(1), Maart 2001:56). 'n Karikatuur. Dit is weereens 'n bewering sonder enige bewys. Prof. Van Rooy verteken die werklikheid. Geen skrywer in ons blad het ooit beweer dat menslike interpretasie en verkondiging van die Skrif onfeilbaar is nie nie.

Die teenstand teen hulle wat die kerk op sy fondament wil laat bly, neem in felheid toe. In die eerste periode (1994-1997) word aantasting van Skrifgesag in ons midde aangetoon en broederlik weerstaan. Dit gaan nie oor die welsyn van die kerk nie. Dit gaan oor die syn van die kerk, oor die fondament. Die

voortbestaan van gereformeerde kerke is in die geding. Antwoord? *Stilswye*. Nie 'n gelowige swye nie, maar 'n doodse en dodelike swye. Aantasting van Skrifgesag gaan voort.

Stadium twee van hierdie stryd begin in 1998. Die swye word verbreek. Die geskil word bloot *ontken*. Dan volg die derde stadium: Teken die mense wat vir die fondament opkom. Vertel *fabeltjies* oor hulle. Maak hulle verdag. Skakel enige invloed van hulle geskrifte uit.

Almal wat swyg, ons argumente negeer en versinsels vertel, gee ruimte aan dwalendes wat daardie ruimte benut. In die maande April en Mei 1998 waarin prof. Vorster en dr Smit beweer: Daar is geen donker wolkie aan die dopperlug nie, verskyn die boek van dr W de Klerk, *Die vreemde God en sy mense*. Die skrywer verloën die goddelikheid van die Skrif. Ruim 'n jaar later verskyn die *Bybellennium*, 'n boekwerk waaraan ook gereformeerde teoloë meewerk. Daardie boek word uitvoerig in ons blad bespreek (Januarie tot April 2000). Aantasting van Skrifgesag word bewys en gereformeerd weerstaan. Dwaling kring stadig maar sekerlik in ons midde uit. Die reaksie van betrokkenes? Stilswye ...

## Ontbindingverskynsels in ons kerklike samelewing

Wat van ons samelewing in die kerkverband? Hou kerke genoegsaam liefdevol toesig op mekaar? Hou hulle mekaar werklik op die fondament vas? Is ons almal een in die waarheid van die Woord? Weer ons afdwalings, eiesinnige optrede van kerkrade af? Hoe is dit dan moontlik dat

- die boek van dr De Klerk na drie jaar nog nie deur sy kerkraad en die betrokke klassis prinsipieel afgewys is nie?
- kerke sonder enige advies van 'n klassis die gebruik van kelkies by nagmaal instel?
- kerke sonder enige advies van 'n klassis en teen ons gesamentlike besluite vroue in die diakenamp bevestig?
- kuratore op die laaste sinode roem oor die werk van professore sonder om hulle publikasies in *Die Bybel in praktyk* en die *Bybellennium* in die lig van ons belydenis oor die Skrif te beoordeel?

Hierdie bedroewende feite bewys hoe die eenheid in die waarheid hier en daar ontbind. Dit is ons diepste kerklike nood en ellende. Die ontbindingverskynsels van ons kerklike samelewing gee vir allerlei dwaling ruimte. Kerke wat liefdevol en gelowig op mekaar ag gee, tree betyds in eerbied vir die Here en sy Woord op en verhinder dat geskille in die kerke van Christus uitkring.

## Die werkwinkel oor die posisie van die vrou

Geskille oor die fondament wat vanaf 1994 gereeld aangetoon is, word in ons midde nie eers deurgepraat nie en tot dusver nie in meerdere vergaderings aanhangig gemaak nie. Wie dit in geloof aan die orde stel, kry ten antwoord: stilswye, ontkenning, fabeltjies. In daardie atmosfeer kon en het die werkwinkel in Potchefstroom ontstaan. In vorige maand se 'Redaksioneel' is net gereageer op mededelings in die pers. Broeders voorgangers wyk af van sinodebesluite (sonder enige kerklike beswaar van die betrokkenes). Hulle vorm 'n drukgroep, klim op die perd. Die kerke moet hulle te voet volg. Prediker verkondig: Dis 'n 'verkeerdheid' wat hy gesien het. Kuratore behoort daardie broeders vinnig grond toe terug te bring, op hulle plek te sit.

Na die publikasie van vorige maand se *Waarheid en dwaling* verklaar prof. Van Rensburg in 'n onderhoud wat op 'n Sondagmôre uitgesaai word: Die kerk loop agter in die aksie vir bevryding van vroue. Sy moet in kerklike ampte kan dien. 'n Treffende voorbeeld van die voortgaande 'kontekstuele interpretasie' van die Woord. En 'n treffende voorbeeld van openlike uitoefening van druk, in stryd met besluite van sy meerderes. Intussen het hy nog nie moeite gedoen om enige argument van ons kant te weerspreek nie. Sy broeders? Hulle bestaan reeds jare lank nie vir hom nie - hy ignoreer hulle.

Ons verneem nou van prof. Du Plooy dat die Potchefstroomse werkwinkel 'onder leiding van die Fakulteit Teologie' gestaan het. Hierdie mededeling stel die werkwinkel in 'n nog ernstiger lig. Gereformeerde teoloë inisieer die byeenkoms. Hulle nooi loënaars van die goddelike Skrif uit om saam met hulle wetenskaplik oor die posisie van die vrou te besin. Hulle verwerdig hulle nie om oop en eerlik met hulle eie broeders wat hulle geskrifte kritiseer, oor fundamentele geskille te handel nie. Is die kerk nog deel van hulle geloof? Die kerk, die liggaam met lede wat van Bo aan mekaar gegee is?

## Wie het ons lief?

Ons kerklike nood en ellende is in hierdie artikel blootgelê met die bede dat ons dit sal ken en ons voor die Here se majesteit verootmoedig. Vanaf 1994 word gesê, geskryf, opgeroep: Bly op die fondament van die kerk. Hou die Woord vas. Laat nie toe dat aan die fondament gewrik word nie. Doen dit, tot bewaring van die kerk, tot eer van God.

Geen argument wat ons aangevoer het, is bespreek en weerlê of aanvaar nie. Waarskuwings het by al die betrokkenes tot 1998 op dowe ore geval. Daarna volg daar ontkenning van die leergeskille. En mededeling van fabels en vaaghede, tot in die brief van prof. Du Plooy. Die negende gebod staan tans by sommige broeders kennelik nie hoog genoteer nie. In meerdere vergaderings kom ons fundamentele geskille onvoldoende of glad nie ter sprake nie.

Intussen gaan die paaie van broeders wat van Bo saamgevoeg is, prinsipieel en in die omgang binne die gemeenskap van die heiliges verder en verder uiteen.

Wie het ons lief? Wil ons mekaar sonder werklike, diep gelowige binding aan die Skrif vashou? Dan word ons 'n kerkhuis wat innerlik verdeeld is. So 'n huis kan volgens die Skrif nie bly bestaan nie. Of brand die liefde vir die Here en sy Woord in ons? Dan sal almal, ja almal, hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken (Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 29).

Prof. Du Plooy sluit sy brief af met die versoek dat ons in liefde, billikheid en geregtigheid die sake wat kommer wek, sal hanteer. Dit is ons gebed dat dit eindelik mag gebeur. Ons liefde vir die Here sal dring tot dade waarin sy reg billik bestel word.

Ons wil bou op die fondament van die kerk sonder dat daaraan hoe dan ook gepeuter word. Daar lê in die amp van gelowige 'n klomp werk voor: in die opvoeding van die volgende geslag, in die onderwys, in die wetenskap, in die maatskappy (ons werkkringe), in die politiek, ja in die hele lewe. Die tyd wat ons aan die stryd oor die fondament moet bestee, is nie vir die ontplooiing van die amp van gelowige beskikbaar nie. Tog moet ons aan hierdie stryd voorrang verleen. Watter sin het dit om 'n huis op te bou, terwyl die fondament daarvan ondergrawe word?

Het ons die Here en sy kerke werklik lief? Dan bid elkeen in ons nood en ellende:

Almagtige, hemelse Vader,

- Bind my en alle lidmate van u kerk aan u feillose Woord.
- Gee aan ons kerkrade dat hulle afwyking van u Woord raaksien en betyds in u krag weerstaan, tot u eer, tot behoud van u kerk en, as dit u wil is, tot behoud van die betrokkenes.
- Maak, Here, ons klassisse aktief in kerkvisitasie en tydens die rondvraag van artikel 41 van die kerkorde, sodat die kerke een in u waarheid bly en Skrifkritiek afwys en afweer.
- Skenk ook aan u volk in die amp van gelowige die insig om enige fundamentele afwyking betyds, in die aanvangstadium, te onderken. En gee hulle moed om dit in u krag gelowig te weerstaan. Seën ook ons maandblad dat dit die eenheid in geloof dien en u volk in die amp van gelowige stimuleer.
- Mag ons dominees dienaars van U wees wat u heilsame Woord oor die hele lewe laat skyn en u volk teen die Bose weerbaar maak.
- Mag die dosente van ons Teologiese Skool die studente gelowig-wetenskaplik toerus om u Woord in die 21ste eeu in al sy rykdom te ontvou, tot opbou en wêreldwye uitbreiding van u kerk.
- Laat, o God, die kuratore hulle roeping getrou vervul om namens alle kerke toesig oor die Teologiese Skool te hou, sodat enige afdwaling van u Woord onmiddellik geweer word.
- Gee, as dit U behaag, nog opening dat geskille oor die verstaan van u Woord sonder kerklike aanklag uit die weg geruim kan word. U is die Almagtige. Oop en eerlik deurpraat wat vir ons na sewe jaar as iets onmoontliks voorkom, is tog moontlik by U?
- Handel met u kerke nie volgens wat ons verdien nie. Ons bid U: Sien ons aan in genade, in Christus Jesus, ons Here. Laat die gereformeerde godsdiens in ons land bly en in woord en daad bely word. Tot seën van die land en al sy inwoners en tot verheerliking van u Naam.

Amen.

---

**AKTUEEL**

# WONDERGENESINGS MET FOKUS OP DIE PROFEET JOSHUA

**Ds DJ de Kock**, Pietersburg-Suid

**Die onbekende en die bonatuurlike gryp mense se verbeelding aan. Iets soos dit wat daar tans in Nigerië onder leiding van die sogenaamde profeet Joshua gebeur, sit mense aan die praat. Koerante berig daaroor en dit laat mense wat ernstig siek is na 'n laaste uitweg gryp! Die hele saak rondom die profeet Joshua is egter nie so uniek of spesiaal nie. Dit moet teen die breër agtergrond van wondergenesings beoordeel word.**

## Wat is wondergenesing?

Sommige mense praat van gebedgenesing of geloofgenesing. Die meer algemene term wondergenesing is egter verkieslik omdat dit dui op die meer algemene voorkoms van mense wat op 'n wonderbaarlike manier gesond gemaak word. Mense wat aan een of ander skynbaar ongeneeslike siekte ly, kom by 'n persoon of groep uit waar óf deur gebed en/of gebare óf met een of ander wondermiddel van kruie of ander meganiese metodes die sieke genees word.

### *Wondergenesings by verskillende godsdienste*

Dit is beslis nie net in die christelike kerk waar wondergenesings plaasvind nie. Navorsing het getoon dat daar by verskillende godsdienstige groepe wondergenesings voorkom. Dit kom ook selfs onder primitiewe heidene voor. In Afrika en Suid-Amerika maak toordokters en tradisionele genesers ook aanspraak op wondergenesings. Onder die ortodokse Jode en ook selfs onder die Islam is al gevalle van wondergenesings aangeteken. Ook onder die oosterse gelowe is daar aansprake van genesers wat selfs met hulle kaal hande operasies uitvoer en gewasse uit mense uithaal.

### *Sommige groepe of persone maak daarop aanspraak dat hulle in die Naam van Jesus Christus wondergenesings doen*

Daar was in 'n stadium 'n Rassie Erasmus wat met 'n tent rondgereis het en mense sogenaamd gesond gebid het. In die vroeg tagtiger jare was dr James van Zyl van Stanger in Natal aktief besig met 'n bediening van genesing. Van tyd tot tyd kom mense of sektegroepe na vore en begin dan met so 'n bediening. Dit het mense vir 'n tyd lank gaande en dan verdwyn die opgewondenheid weer, want vele mense gaan baie hoopvol daarheen en soek genesing, maar vind dit nie.

So twee of drie jaar gelede was dit die Toronto Blessing wat mense aan die praat gehad het. Mense was gaande oor die skynbaar kragtige werking van die Heilige Gees. Mense het flou geval of onbedaardelik begin lag of huil. Daarmee saam is getuig van wondergenesings. Ook die Toronto Blessing is egter nou uit die mode en tot 'n groot mate vergete.

## Wat gebeur in die praktyk?

* Gewoonlik is hierdie groepe geesdrywerig van aard en ook baie emosioneel. Hulle musiek en totale benadering is ingestel op die meevoering van die aanwesiges.
* Geeneen van hierdie wondergenesings hou ook vir altyd nie. Die mense word weer siek, dalk aan 'n ander kwaal, en gaan op die ou end dood.
* Verskeie van hierdie sogenaamde geloofsgenesers moes self hartomleidings, galblaasoperasies en ander mediese behandeling vir verskeie siektes ondergaan en het ook of sal ook, soos ander mense, aan een of ander normale siekte beswyk.
* Massahisterie en massahipnose is terme wat al gebruik is om hierdie soort byeenkomste te beskryf.

## Is daar werklik iets soos wondergenesings?

Ja, daar is! Daar is baie wondergenesings aangeteken. Die waarvan tydskrifartikels en TV programme berig, is nie almal vervalsings of oëverblindery nie.

Daar is egter twee kategorieë:

### a. *Onverklaarbaar*

Die wat plaasvind op grond van een of ander, vir ons, onverklaarbare rede. Dit kan gebeur deur hipnose of suggestie of towery of selfs deur die Satan bewerk word. Sommige van diegene wat daarop aanspraak maak dat hulle wondergenesings in die naam van Jesus Christus doen, val onder hierdie groep. In Matteus 7:21 ev. sê Jesus daarom onomwonde: *'Nie elkeen wat vir My sê Here, Here, sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir my sê: "Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam duiwels uitgedryf en* ***deur u Naam wonders gedoen*** *nie?" Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree'* (my beklemtoning).

***Gevolgtrekking:***

Daar is mense wat op , vir ons, onverklaarbare maniere wonders verrig en ander wat selfs in die Naam van die Here Jesus wonders verrig, maar dit is nie noodwendig die Here Jesus se wonders nie. Sulke mense tree met ander kragte op. Hulle kan selfs gesante van die Satan wees, want hy kan sy bose geeste as wolwe in skaapsklere stuur en hyself kan hom as 'n engel van die lig voordoen.

Dan is daar die tweede kategorie:

### b. *Verklaarbare wondergenesings:*

Hulle is verklaarbaar omdat dit duidelik is dat dit die Here is wat aan die werk is.

In die evangelies is daar talle voorbeelde van *Jesus* se wonderwerke waaronder baie genesings en selfs dooies wat opgewek word. In die Ou Testament (2 Konings 5) word vertel van *Naäman* wat hom op bevel van die profeet Elisa in die Jordaan moes gaan was en so van sy melaatsheid bevry is. Verder word vertel van koning *Hiskia* wat siek geword het en dat die profeet Jesaja aan hom moes gaan sê dat hy sou sterf. Dan draai Hiskia sy gesig na die muur, huil bitterlik en begin bid. Hy pleit dat die Here hom sal genees en hy word gesond (Jesaja 38).

Daar is ook voorbeelde van genesings wat in die naam van die Here deur die apostels verrig is. Byvoorbeeld Petrus en Johannes wat die verlamde man gesond gemaak het (Handelinge 3). Verder in die Nuwe Testament (1 Korintiërs 12:30) vra die apostel Paulus: *'...Het almal die genadegawes om mense gesond te maak?'* Dit bevestig die feit dat daar mense is wat van God sulke gawes ontvang het.

Wat egter tog ook opval, is dat die vermelding van wondergenesings later in die Nuwe Testament al hoe minder word. Volgens 1 Korintiërs 13:8 sal die verskillende gawes van die Gees ook in 'n later stadium ophou.

***Gevolgtrekking:***

Wondergenesings vind, volgens die Skrif, beslis plaas, maar dit word blykbaar minder as die mense die Woord van God leer ken en die kerke gevestig raak, want dan het hulle die Woord van God as lig op die pad.

## Enkele Skrifbeginsels

*Beginsel 1:*

***Die Bybel maak nie onderskeid tussen liggaamlik en geestelik nie.***

Die Bybel praat van die mens as 'n eenheid. In Genesis 2:7 word die mens 'n 'lewende siel' genoem. Die mens se innerlike welstand en gesondheid het groot betekenis vir sy uiterlike bestaan. In Spreuke 18:14 staan: *'Die gees van 'n man ondersteun hom in sy krankheid'* (1953 vertaling).

*Beginsel 2:*

***Daar is 'n direkte verband tussen siekte en dood.***

*Ons is stadig besig om te sterwe*: Die feit dat mense siek word, is die aanduiding dat die mens, soos die doopformulier sê, besig is om stadig te sterwe. Die feit van die saak is, hierdie liggaam kan nie die ewige lewe beërwe nie. Daar moet 'n nuwe liggaam uit die dood opstaan (1 Korintiërs 15).

*Siekte is ook lyding wat 'n bepaalde doel in ons verhouding met die Here het*: Hier is koning Hiskia 'n voorbeeld, maar dalk nog 'n beter voorbeeld word gevind in die persoon van die apostel Paulus. In 2 Korintiërs 12 lees 'n mens van sy lyding. Hy noem dit 'n doring in sy vlees, 'n engel van Satan wat hom met die vuiste slaan! Hy bid, maar die Here neem die doring nie uit sy vlees nie. God se doel met die doring in Paulus se vlees was om hom nederig en afhanklik te hou. Paulus sê self dat hy hom dalk sou verhef en hoogmoedig sou word as hy nie hierdie lyding moes verduur nie.

*Nie alle siektes word genees nie*: Jesus het nie al die siekes in Judea en Galilea gesond gemaak nie. Die apostels het dit ook nie gedoen nie. Benewens Paulus se eie siekte (doring in die vlees) staan in 2 Timoteus 4:20 dat hy vir Trofimus siek in Milete agter gelaat het. Verder het Paulus vir Timoteus die raad gegee om 'n bietjie wyn vir sy maag te drink. Hy het waarskynlik 'n maagkwaal gehad.

*Beginsel 3:*

***Daar is 'n samehang tussen vergewing en genesing.***

Die Psalmdigter skryf: *'Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf...'* (Psalm 103 :2ev).

In Markus 2:5 ev staan: *'Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: Vriend, jou sondes word vergewe!'* en dan vers 10: *'Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergwe. Hy sê toe vir die verlamde man: Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe'.*

Dit word deesdae as 'n feit deur wetenskaplikes aanvaar dat christengelowiges langer leef en gesonder leef as nie-christene (vgl weer Spreuke 18:14).

*Beginsel 4:*

***Siekte en lyding is nie sinloos nie; dit bring jou by die Here.***

In 1 Petrus 4:13 sê die apostel: *'Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.'*

In Jakobus 1:2 staan: *'My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard ...'*

Die siekes in Jesus se tyd het hulle toevlug tot Hom as Verlosser en Saligmaker geneem. Dit is presies wat die gelowige

vandag ook moet doen. Siekte en lyding moet die gelowige voor die Here bring.

Mense wat wondergenesings net ter wille van hulleself soek, is selfgesentreerd en dink die Here is daar om aan hulle behoeftes te voldoen. Die verloste mens se taak is egter om die Here te loof. Om sy verteenwoordigers te wees en sy beeld te vertoon. As dit vir die gelowige prioriteit is en hy dan teen hierdie agtergrond bid om genesing, soek hy immers eerste die koninkryk van God en sy geregtigheid. Alles gaan tog om die ware lewe in en deur en tot Christus.

## Wat nou van die profeet Joshua?

Uit 'n bestudering van tydskrifte en video's wat sy organisasie uitgee, is die volgende ter sake:.

*Positief*:

* Daar vind beslis wondergenesings plaas.
* Hy verkondig die Here se Woord aan die mense wat daar kom en in hoofsaak is dit suiwer woordverkondiging.
* Hy gee die eer aan die Here. Hy sê onomwonde dat dit God is wat genees en nie hyself nie.

*Negatief*:

* Nie almal wat daarheen reis, word genees nie.
* Die voorwaardes vir toelating soos daaroor in *Rapport* berig is, naamlik dat mense in rolstoele en mense wat blind is en ook mense wat nie op eie stoom die 108 trappe na die sinagoge kan klim nie, nie toegelaat word nie, wek agterdog. Waarom wil hy net sekere kategorieë siektes genees?
* Wanneer hy optree, is daar byna altyd 'n ander manspersoon naby aan hom aan wie hy met sy een hand raak terwyl hy sy ander hand oor die sieke beweeg. Gebruik hy dalk 'n medium?

Twee algemene gevolgtrekkings:

*Gevolgtrekking 1*: Nigerië is sendingveld. Op die sendingveld doen die Here wonderwerke om die heidene te oortuig.

* Let op Naäman.
* Let op die eerste kerk in Handelinge. Toe die kerk jonk was, laat die Here wonders gebeur om die heidene te oortuig.
* Hier in Suid-Afrika is die voorbeeld van Kwazisa Bantu in Natal waar ook wondergenesings op die sendingveld voorgekom het en heel moontlik nog voorkom.
* Wanneer die kerk gevestig raak en die Woord van God gereeld gehoor word, word die wondergenesings minder (vgl. 1 Korintiërs 13:8-10).

*Gevolgtrekking 2*: 'Gevestigde gelowiges' hoef nie na wonders te soek om te glo nie. Die gevestigde kerk het die Woord van God. Die Woord sê dat die Here kan wonders doen, Hy hoef dit nie vir ons te wys nie. Jesus het vir Thomas gesê: Geseënd is dié wat nie gesien het nie en tog geglo het ... (vgl. ook Hebreërs 11:1).

Volgens Matteus 16:1-4 wil die Fariseërs en Sadduseërs vir Jesus op die proef stel. Hulle vra 'n wonderteken uit die hemel. Hulle was deel van die gevestigde kerk van destyds. Hulle het die Skrifte geken. Waarom wou hulle dan 'n teken hê? Jesus sê dan dat net een teken vir hulle gegee sal word, naamlik die teken van Jona. Hulle moes die onsienlike sien. (Hoe ironies, vandag word Jona se geskiedenis sterk in twyfel getrek. Liberale teoloë beskou Jona se verhaal as 'n stuk mitologie wat nie deel van God se Woord kan wees nie.)

Dit gaan uiteindelik oor kinderlike geloof in God se almag. Hy kan vandag nog wonders doen. Hy doen dit ook. Daar is baie voorbeelde van 'gewone gelowiges' wat bid en dan genees die Here. Hy gebruik ook operasies en dokters en medisyne om mense gesond te maak. Hy verhoor vandag nog gebede om genesing.

## Algemene gevolgtrekking

Volgens dit wat Jesus aan die Fariseërs en Sadduseërs gesê het naamlik dat hulle nie 'n ander teken as die teken van Jona sal kry nie (Matteus 16:1-4) en die apostel Paulus wat sê dat ongewone tale en wonders sal ophou (1 Korintiërs 13:8-10) asook dat die besondere gawes, soos 'spreek in tale' tekens vir ongelowiges is (1 Korintiërs 14:22), behoort ons as gevestigde gelowiges wat die Woord van God het, nie na sendingvelde toe te hardloop om die ware lig te kry nie. Ons het dit, want ons het God se Woord. Ons is deel van sy kerk. Ons het die lewe.

---

**MEDIESE ETIEK**

# OMKERING VAN DIE ORDE: 'N WET TEEN GOD SE WET

**Dr JM Boon**, Cambridge

**Onlangs het die Nederlandse regering 'n nuwe eutanasiewet ingevoer, wat heelwat reaksie plaaslik en internasionaal uitgelok het. Dit het veral gegaan oor die inhoud asook manier hoe die nuwe wet, wat eutanasie baie meer 'toeganklik' maak, op die wetboek gekom het. 'n Wet wat indruis teen die wet van die Here, en spesifiek teen die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie. Die owerheid dra immers die swaard om die doodslag te weer. In plaas daarvan om sy onderdane te beskerm deur goeie mediese versorging in die laaste tyd van hul lewe aan te moedig, word die owerheid nou instrument van artse wat nie hul taak tot die einde van hul pasiënt se lewe voltooi nie. Die verwagting is dat 'n soortgelyke eutanasiewet binnekort ook in Suid-Afrika geldig sal wees.**

## Die agtergrond van hierdie wet

Verlede maand het Nederland die eerste land geword waar eutanasie onder voorwaardes nie meer strafbaar is nie, met die aanneming van 'n nuwe wet deur die Eerste Kamer in hierdie land. Verskeie christelike partye het 'n mosie van meer aandag aan palliatiewe sorg voorgelê, maar selfs nie hierdie mosie het enige sukses gehad nie.

Minister Borst, minister van gesondheid en voorstander van eutanasie, het die christene sterk verwyt van fundamentalisme en later in 'n personderhoud verklaar dat sy hul redenasie vreemd vind en alle kontak met 'hierdie mense' verloor het. Onverbloemd spreek sy uit dat sy glad nie op dieselfde golflengte as die christene is nie. Dat mense nog so kan dink, gaan haar verstand te bowe. Op 'n vraag of sy enigsins godsdienstig is, antwoord sy dat sy eintlik voel dat sy nie op hierdie vraag hoef

te antwoord nie. Dit is dus duidelik: God se wet oor die lewe wat Hy gemaak het, sê vir haar absoluut niks nie. Ten minste kom die antitese tussen die radikaal outonome denke van die minister en die Bybelse denke duidelik na vore.

## Waarom die invoering van die wet?

Die rede vir die invoering van die wet is 'n studie wat in 1991 gedoen is. Hierdie studie het bevind dat meer as duisend gevalle van aktiewe eutanasie deur huisartse nie onder die vorige wet aangemeld is nie. 'n Baie slegte vertoonvenster vir die wêreld. Daarom die nuwe wet: As jy artse wil beweeg om aktiewe eutanasie-gevalle aan te meld, moet jy hulle met 'n nuwe wet kan vrywaar van vervolging. Dit is die kort inhoud van die nuwe wet: Artse word gevrywaar van vervolging as hulle aktiewe eutanasie pleeg.

## Wat van vakkundige sterwenssorg of palliatiewe sorg?

Die nuwe eutanasiewet kom teen die agtergrond dat Nederland baie min aktiwiteit toon op die gebied van vakkundige palliatiewe sorg. Die land ken slegs twee goeie palliatiewe versorgingseenhede, alhoewel daar baie verpleeghuise is. Dit is hierdie verpleeghuise waar minister Borst graag haar nuwe wet uitgevoer wil sien. As sekere versorginghuise gekant is teen die uitvoer van die wet, en hulle is die enigste in die gebied waar 'n eutanasieversoek uitgevoer kan word, is die versorginghuis nou wetlik verplig om hierdie wet uit te voer.

Onlangs was daar 'n kursus in palliatiewe sorg by die Katolieke Universiteit van Nijmegen. Hierdie Katolieke Universiteit probeer om haar geluid te laat hoor ten opsigte van die vakkundige versorging van sterwendes met middele wat die Here ons gee. En inderdaad, een ding was baie duidelik: In 'n land waar eutanasie die wet geword het, is die ontplooiing van sterwensbegeleiding as vak gedoem tot mislukking. 'n Land soos Engeland, waar eutanasie 'n kriminele oortreding is, ken baie meer vakkundige diepte ten opsigte van palliatiewe sorg. Dit is ook in die praktyk te sien, in terme van hulpbronne wat vir palliatiewe sorg ontplooi word en die manier hoe pasiënte behandel word.

Tydens 'n kongres is 'n video vertoon oor die proses van eutanasie. Die video is deur die Nederlandse regering gesubsidieer om aan te toon hoe 'menslik' die proses van eutanasie eintlik is. Die video toon die verhaal van 'n man met 'n ongeneeslike siekte en sy uiteindelike versoek om eutanasie aan die huisarts. Wat uitstaan is die verhouding van die huisarts met die pasiënt. Daar is weinig kommunikasie en die arts mobiliseer feitlik geen hulpbronne vir die beswil van die pasiënt nie. Pynverligtende moontlikhede word nie ontgin nie.

Die arts stel leidende vrae en wys op die moontlikheid van eutanasie. Dit laat die pasiënt as 't ware voel dat hy 'n verantwoordelikheid het om te sterf. Kortom, die video vertoon 'n huisarts aan die werk wat geen basiese beginsel van die vak huisartskunde nakom nie, nog enige rekening hou met God se wet. Dit is kortliks die praktyk van eutanasie: Die arts laat sy pasiënt in die steek deur 'n uitweg wat in ons moderne mediese samelewing onstaan het weens die chroniese verlating van die sesde gebod van die Here. Die realiteit van hierdie nuwe wet is dus baie onmenslik.

## Wat is die taak van die huisarts?

Dit is die huisarts se taak om pasiënte te versorg na die beste van sy/haar vermoë, met die beskikbare middele. Dit kan as volg verder uitgewerk word en word ook so aanvaar deur die meeste vakkundige publikasies in die vak huisartskunde:

1. Die huisarts bestuur die hulpbronne wat ingespan word by die versorging van pasiënte. Dit betrek die geneesmiddels, verpleegkundige hulp, die toerusting benodig, die versorging van alledaagse behoeftes, die geestelike versorging ensovoorts.
2. Die huisarts is altyd beskikbaar.
3. Die huisarts is altyd bereid om te luister en probeer die pasiënt te verstaan deur nie-leidende vrae te vra. Daar word eerder oop vrae gevra, waardeur die pasiënt oopmaak.
4. Die huisarts besef dat hierdie versorging nie maar net 'n objektiewe oorweging van feite is nie, maar dat daar baie subjektiewe elemente teenwoordig is. Ons mag rustig met ons pasiënte oor die geloof in Christus praat en hulle bemoedig met die nabyheid van die Here.

Dit is uiters belangrik dat huisartse opgelei word in die vak palliatiewe sorg om optimaal vir sterwende pasiënte in hul praktyk te kan sorg. Dit is nie iets vryblywends nie, maar 'n opdrag van die Here wat ons oproep om ons pasiënte te versorg vir hul hele lewe. Die opsie van eutanasie vertolk 'n dokter wat sy pasiënt verwaarloos en nie een wat sy pasiënt versorg nie. Pasiënte wat vra om eutanasie, se vraag verdwyn sodra goeie pynverligting en liefdevolle versorging in die plek kom. Dit is die primêre taak van die huisarts.

## Eutanasie in Suid-Afrika

Die Suid Afrikaanse regering is reeds vir meer as drie jaar besig om 'n konsep oor eutanasie op te stel. Hierdie proses het reeds ver gevorder. Die verwagting is dat hierdie wet soos die Nederlandse wet, eutanasie baie 'toeganklik' sal maak. Dit is kommerwekkend, veral teen die agtergrond dat sogenaamde kontrole-meganismes deur die konsultasie van ander partye in die besluitnemingproses in byvoorbeeld die aborsiewetgewing selde nagekom word. Die sekularistiese oortreding van die sesde gebod aan die begin van hierdie eeu is baie ver gevorder in ons land. 'n Golf wat net gekeer kan word deur eenvoudige gehoorsaamheid aan die sesde gebod van die Here.


Die Stigting van Etiese Medisyne beplan 'n simposium oor

EUTANASIE

op Saterdag 21 Julie 2001.
Plek: die Universiteit van Pretoria
Telefoon (012) 333-6546 - Dr MC Durand